Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

SOMERKERSFEES

Musiek: Koos du Plessis
Teks: (Strofe 1 & 2) Koos du Plessis
(Strofe 3) Jannie du Toit

Welkom , o stille nag van vrede ,
onder die suiderkruis ,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrevelde ruis :
Kersfees kom , Kersfees kom -
gee aan God die eer .
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land , o Heer .

Hoor jy hoe sag die klokke beier
in eeue-oue taal .
Kyk , selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal .
Kersfees kom , Kersfees kom -
gee aan God die eer .
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land , o Heer .

Voel jy ook nou sy warm liefde
as ons die dag gedenk ,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het -
ons grootste Kersgeskenk .
Kersfees kom , Kersfees kom -
gee aan God die eer .
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land , o Heer .